

## EKONOMIE (Bygewerk September 2016)

Hierdie dokument moet saam met die IEB-handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering (bygewerk September 2015) gelees word.

### A. Tipes Assessering

Eksamen 3 uur [300 punte]

Skoolgebaseerde-assessering (SGA) [100 punte]

|                  |
|------------------|
| <b>400 punte</b> |
|------------------|

### B. Vereistes

#### 1. Eksamen 300 Punte

| <b>VRAESTEL 1</b>   |       |  |                        |                |
|---|-------|--|------------------------|----------------|
| <b>'n Nougesette en breë keuse onderwerpe sal in die eksamen assesseeer word.</b> |       |  |                        |                |
| <b>Kognitiewe vlakke:</b>   |       |  |                        |                |
| Lae orde vlakke – 60% (180 punte)<br>(kennis, begrip en toepassing)               |       |  |                        |                |
| Hoë orde vlakke – 40% (120 punte)<br>(analise, sintese en evaluering)             |       |  |                        |                |
| <b>Punte 300</b>  |       |  |                        |                |
| <b>Tyd 3 ure</b>  |       |  |                        |                |
| Afdeling  | Vrae  | Beskrywing                                 | Punte                  | Tyd            |
| A   | 1     | <b>Verpligtend</b><br>Kort vrae            | 50                     | 20 min         |
| B   | 2 – 5 | <b>Verpligtend</b><br>Gestruktureerde vrae | $4 \times 50 =$<br>200 | 100 min        |
| C   | 6     | <b>Verpligtend</b><br>Datarespons vrae     | 50                     | 60 min         |
|   |       |  | <b>300</b>             | <b>180 min</b> |

## 2. SKOOLGEBASEERDE-ASSESSERING (SGA)

100 PUNTE

Die volgende SGA vereistes, en verder uitbreiding daarvan later in die dokument, is van toepassing op skole wat die gewone SGA opsie gekies het. Die skole wat die Eennavorsingstaakopsie gekies het moet verwys na die IEB handleiding vir die Eennavorsingstaakopsie vir die relevante SGA vereistes.

Elke leerder moet 'n leerderlêer inhandig wat die volgende bewysstukke moet insluit:

| KOMPONENT                 | GEWIG           |
|---------------------------|-----------------|
| Rekordeksamen             | 30%             |
| 2 × Gekontroleerde toetse | 25% (12,5% elk) |
| Datarespons taak          | 20%             |
| Mondeling                 | 15%             |
| Visuele aanbieding        | 10%             |

Die assesseringsopdragte moet so saamgestel word dat dit alle onderwerpe assesseer en voorsiening maak vir die verskille in leerders se kognitiewe vermoëns.

Die berekening van die kandidate se individuele punte van elke aspek van die SGA kan gebruik maak van twee desimale punte. Afronding kan geskied wanneer die finale punt van die algehele SGA bereken word. Byvoorbeeld indien die punt behaal vir die visuele aanbieding 8.62 is, moet dit nie verander word nie. Slegs wanneer die finale persentasiepunt bereken word vir al die komponente, kan dit afgerond word.

### C. INTERPRETASIE VAN DIE VEREISTES

#### 1. Eksamenvereistes

##### 1.1 Beskrywing

###### Afdeling A – Verpligtend

Kortvrae: meervoudige keuse.

Sluit in algemene kennisvrae.

Vrae word gestel op verskillende kognitiewe vlakke en van alle onderwerpe.

###### Afdeling B – Verpligtend

Gestruktureerde vrae – interpretasie, grafieke, tekste, data respons, ens.

Sluit ten minste twee tot drie vrae in wat uitgebreide skryfwerk vereis van tussen 12 tot 20 punte.

Vrae word gestel op verskillende kognitiewe vlakke binne die 60:40 ratio van laer en hoër orde vrae.

Berekenings word ook gevra.

###### Afdeling C – Verpligtend

Interpretasie vrae wat insig vereis en gebaseer is op bronne voorsien, word gevra.

Analise van data en gestruktureerde vrae.

## 1.2 Die Assesseringsillabus

Die doel van hierdie Assesseringsillabus is om IEB onderwysers te help om die aanslag van die kurrikulum beter te verstaan en skole te help om hulle Asseseringprogramme konsekwent te beplan en te standaardiseer; asook om die IEB se eksamens en die vereistes van die SGA's duidelik uit te stippel vir onderwysers, eksaminators en moderators.

Die doel van die dokument is nie om 'n onderrigillabus te wees nie. Individuele onderwysers en skole hoef nie beperk te word deur die Assesseringsillabus nie, maar dit staan hulle vry om self uit te brei in die aanbieding van hulle eie skoolkurrikulum. Die onderrig- en leerprogram moet verrykend, stimulerend en uitdagend wees, terwyl die assesering moet voldoen aan die vereistes van die kwalifikasie. **Die Graad 10 en 11 Assesseringsillabusse is ingesluit ter inligting maar net die Graad 12 inligting in die Assesseringsillabus is verpligtend.**

Die assesseringsillabus voldoen aan die SGA-vereistes.

## 2. SGA-vereistes

### 2.1 Die rekordeksamen

Die vraestel moet dieselfde formaat en ontwerp van die eksterne eksamen weerspieël. Verwys na bladsy 1 en 2.

### 2.2 Toetse

Die toetse moet ten minste 75-100 punte tel elk en ten minste twee onderwerpe dek, waarvan een onderwerp in diepte geassesseer moet word. 60% van die punte moet op laer orde denkvaardighede wees (kennis, begrip en toepassing) en 40% op hoër orde denkvaardighede (analise, sintese en evaluering).

### 2.3 Take

Die take moet almal **individueel** gedoen word. Die take skep die geleentheid om leerders se ander vaardighede te toets op maniere wat nie altyd moontlik is in eksamens en toetse nie en dus vir ons 'n ander te beeld gee van 'n leerder se vermoëns.

Die standaard wat vereis word mag nie minder uitdagend wees as wat in die eksterne eksamen verwag word nie. Indien asseseringstake beperkend en nougeset gestel word, sal dit nie leerders voorberei vir die vereistes van die eksterne eksamen nie.

- Take moet dus verrykend wees vir leerders.
- Dit moet van leerders verwag om onderwerpe te bestudeer wat geskik is vir hulle ouderdom, gekoppel is aan die werklikheid en aansluit by die Onderwerpe van Ekonomie.
- Dit moet leerders aanmoedig om hulle kennis, vaardighede, gesindhede en waardes te ontwikkel oor tyd met nuwe kontekste.
- 60 % van punte moet op die laer order denkvaardighede wees (kennis, begrip en toepassing), terwyl 40% op die hoër orde denkvaardighede moet wees (analise, sintese en evaluering.)

## Datarespons taak

**Hoeveelheid punte: 50**

**Tyd: 1 uur**

**Moet geskryf word onder toets omstandighede**

Die oogmerk van die taak is om studente te leer hoe om 'n antwoord te gee op ongesiene data in sekere stimulus materiaal wat in 'n verskeidenheid formate voorgelê word.

Hierdie taak leer studente hoe om met data te werk met die uitsondering dat hoe meer hulle hierdie tegnieke gebruik, hoe makliker sal hulle dit vind om die sleutel ekonomiese konsepte en terme nodig om eksamenvrae te beantwoord, te onthul. Die datarespons moet nie minder as 50 punte wees nie.

Onderwysers moet 'n tema kies waarop die datarespons taak gebaseer moet word en moet leerders aanmoedig om navorsing te doen oor die tema/onderwerp voor die taak geskryf word. Byvoorbeeld inkomste ongelykheid, wat 'n konsep van die makro-ekonomiese seksie van die VAR is. Die onderwerp is ontwerp met die uitsondering dat leerders alreeds 'n basiese kennis het van die element van die VAR en dat hulle in staat sal wees om die kennis toe te pas tot die konteks van die ongesiene stimulusmateriaal. 'n Stel vrae wat teorie soos verwant tot die VAR'e verskaf en wat van leerders verlang om op alle kognitiewe vlakke te funksioneer.

Leerders moet deur die data lees met begrip, dit analiseer en interpreteer en dit dan evalueer. Wanneer hulle 'n kaart/tabel of ander numeriese informasie waarvoor hulle moet uitkyk gegee word, moet leerders *inter alia* die maateenhede (is dit in persentasies of rou data?) kan opspoor; wat is die noemenswaardige veranderinge oor tyd (indien relevant tot die data), wie het die meeste hoogte- en laagtepunte, wat is die tendens oor tyd, wat sê die informasie vir ons. 'n Datarespons vraag bevat altyd 'hoeke' in die stimulusmateriaal vir studente om hulle antwoorde aan op te hang. Sekeres sal hul help om te analiseer en ander sal hulle help om te evalueer.

Dit is ook baie nuttig om kwantitatiewe data te verskaf wat die volgende dek: veranderinge in persentasie om die idee van persentasie punte te versterk, versterking/verswakking van wisselkoers, elasticiteit, balans van betalingsrekeninge, die verskil tussen begrotingstekort (of surplus) en nasionale skuld, terme van handeldryfontwikkelinge/agteruitgang, vergelykende voordeel in of numeriese vorm of soos produksie moontlikheid krommings maak, die verskil tussen die inflasiekoers en die prysvlak.

'n Paar nuttige bronne vir data: News24; Trading Economics; StatsSA; SARB; World Bank.

## Mondeling

Dit is gebaseer op die 'Een week in die Ekonomie' benadering en moet alle relevante plaaslike en internasionale ekonomiese nuus, asook aanwysers dek.

Die aanbieding moet ten minste 15 tot 20 minute lank wees.

Dit is 'n individuele taak ek mag nie as 'n groep gedoen word nie.

- Elke leerder word ingedeel vir 'n spesifieke week in die jaar of termyn.
- Aan die einde van daardie week doen die leerder sy/haar aanbieding van alle plaaslike en internasionale ekonomiese nuus.
- Die ekonomiese impak van nuus is die hoofokus van die aanbieding. Leerders moet bewys dat hulle die nodige insig en begrip het van

nuusgebeure. Hulle moet aangemoedig word om gebeure te verduidelik aan “ekonomies ongeletterde” mense.

- Die metode van aanbieding kan wees as 'n nuusleser, 'n 'kenner' aan tafel, 'n lektor of enige ander geskikte persoonlikheid.
- Leerders moet aangemoedig word om hulle aanbiedinge visueel interessant te maak en so hulle trefkrag te verbeter.
- Nuusartikels wat gebruik word moet duidelik aangedui word met datum- en bronverwysings.
- Internet bronne wat gebruik is moet ook duidelik erken word met datums.

### **Visuele aanbieding**

Die leerder moet 'n **ekonomiese probleem** in die wêreld uitbeeld en oplossings vir daardie probleem, sonder om van 'n mondelinge verduideliking gebruik te maak. Die probleem en oplossing moet dus slegs visueel uitgebeeld word.

Die volgende opsies kan oorweeg word:

PowerPoint®-aangebieding, plakkaat, model, skildery, foto's, vloeiagram of 3D-model.

Indien 'n PowerPoint-aangebieding gebruik word as 'n mondeling, kan dit gebruik word as 'n visuele aanbieding. Seker aanpassings sal egter gemaak moet word omdat die visuele aanbieding geen mondelinge verduidelikings mag insluit nie, terwyl die leerder by die mondeling elke skyfie kan bespreek.

'n Bewys van die visuele aanbieding moet ingesluit word in die Leerderlêer. Indien dit te groot is kan 'n foto daarvan ingesluit word.

## **2.4 Moderering op skoolvlak**

Daar word aanvaar dat moderering van die assesseringsproses op skoolvlak plaasgevind het om te verseker dat die assessering geldig, regverdig en betroubaar was. Dit sluit in moderering van assesserings voor dit aan leerders gegee word, moderering van die nasien van bewyse van leerders se werk, asook die nagaan van die berekening van die resultate van leerders se werk. Bewys hiervan moet in sowel die onderwyserlêer as die leerderlêer geplaas word. Indien daar slegs een Ekonomie onderwyser by 'n skool is, word daar verwag dat so 'n onderwyser via 'n e-groep met onderwysers van 'n ander skool sal skakel om 'n modereringsproses te fasiliteer.

## ASSESSERINGSILLABUS VIR EKONOMIE

### GRAAD 12

| ONDERWERP  | OMVANG  |
|--|---|
| <b>MAKRO-EKONOMIE</b>  |   |
| 1. Ekonomiese kringloop model<br>Nasionale Rekeninge<br>Vermenigvuldiger | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die verhoudinge tussen die deelnemers aan die ekonomiese kringloop in 'n oop en geslote model.</li> <li>• bespreek die drie metodes om die nasionale rekeninge te bereken.</li> <li>• analiseer die nasionale rekeninge deur verskillende berekeninge te doen.</li> <li>• differensieer tussen nominale en reële syfers en bereken ekonomiese groei.</li> <li>• verduidelik die werking van die vermenigvuldiger en hoe dit 'n ekonomie kan beïnvloed.</li> <li>• bepaal die vermenigvuldiger en verduidelik die toepassing daarvan.</li> </ul> |
| 2. Sakesiklusse  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die samestelling van die sakesiklus deur 'n diagram te gebruik.</li> <li>• verduidelik die redes vir die sakesiklus.</li> <li>• evalueer hoe regeringsbeleide die sakesiklus kan beïnvloed.</li> <li>• gebruik 'n lys van ekonomiese aanwysers om die huidige stand van die sakesiklus te bepaal.</li> <li>• gebruik 'n lys van ekonomiese aanwysers om toekomstige verandering in die sakesiklus te voorspel.</li> </ul>   |
| 3. Die openbare sektor   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer die rol van die regering in 'n moderne ekonomie met verwysing na die rol as die voorsiener van sosio-ekonomiese dienste binne 'n Suid-Afrikaanse konteks.</li> <li>• bespreek die probleme in die voorsiening van openbare goedere en dienste vir die regering.</li> <li>• verduidelik hoe begrotings gebruik word om die ekonomie te bestuur.</li> <li>• evalueer die gebruik van fiskale beleid om die ekonomie te bestuur.</li> </ul>  |
| 4. Betalingsbalans<br>Buitelandse Valutamark                             | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die redes hoekom lande handel dryf.</li> <li>• verduidelik die samestelling van die betalingsbalans.</li> <li>• gebruik diagramme om die faktore wat die wisselkoers beïnvloed te bespreek.</li> <li>• evalueer die verskillende wisselkoerssisteme en dui aan watter een die geskikste is vir Suid-Afrika.</li> </ul>  |

| ONDERWERP | OMVANG |
|-----------|--------|
|-----------|--------|

**MIKRO-EKONOMIE**

|                                    |  |
|------------------------------------|--|
| 1. Volmaakte en onvolmaakte markte | <ul style="list-style-type: none"><li>• bespreek die eienskappe van volmaakte en onvolmaakte markte.</li><li>• evalueer volmaakte en onvolmaakte markte deur die eienskappe van monopolieë, oligopolieë en monopolistiese mededingers met mekaar te vergelyk in 'n spesifieke mark.</li><li>• bestudeer die dinamika van volmaakte en onvolmaakte markte deur gebruik te maak van koste- en opbrengsdata (wins, produksie, koste en opbrengs).</li><li>• verduidelik die konsepte van normale en ekonomiese wins.</li><li>• vergelyk die verskillende markstrukture in 'n ekonomie.</li><li>• evalueer die invloed van mededingingsbeleid op die effektiewe bestuur van 'n ekonomie.</li></ul> |
| 2. Markmislukking                  | <ul style="list-style-type: none"><li>• bespreek die redes vir markmislukkings.</li><li>• bespreek die gevolge van markmislukkings.</li><li>• koste voordeelanalise</li><li>• gebruik grafieke om regeringsinmenging in die mark te bespreek deur minimumlone, maksimumlone en subsidies te bespreek.</li></ul>  |
| 3. Vraag, aanbod en ewilibrum      | <ul style="list-style-type: none"><li>• demonstreer die wette van vraag en aanbod deur van grafieke gebruik te maak.</li><li>• analiseer die werking van vraag en aanbod in prysvorming deur grafieke van verskillende scenario's te skep.</li><li>• analiseer die verhouding tussen substituuat en komplimentêre produkte .</li></ul>   |
| 4. Nut<br>Elastisiteit             | <ul style="list-style-type: none"><li>• beskryf en bereken verskillende soorte nut.</li><li>• analiseer die werking van elastisiteit deur die pryselastisiteit van vraag, pryselastisiteit van aanbod, inkome elastisiteit en kruiselastisiteit deur grafieke en berekeninge .</li><li>• bereken die pryselastisiteit van vraag deur 'n alternatiewe metode soos boogelastisiteit.</li><li>• bespreek die faktore wat pryselastisiteit beïnvloed.</li><li>• bespreek hoe verskillende pryselastisiteite besighede se besluitneming beïnvloed .</li></ul>   |

| ONDERWERP   | OMVANG   |
|---|--|
| <b>EKONOMIESE STREWES</b>                               |  |
| 1. Ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die verskil tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling.</li> <li>• evalueer die verskillende ontwikkelingsstrategieë en stel 'n strategie voor wat kan werk vir Suid-Afrika.</li> <li>• evalueer die sukses van Suid-Afrika se ontwikkelingsplanne oor die laaste dekade en voorstelle vir die toekoms.</li> <li>• Illustreer en verduidelik hoe aggremaat aanvraag (AA) en aggremaatverskaffing (AV) in wisselwerking is om die ewewig vlak van produksie, werkverskaffing en pryse in lang termyn te bepaal.</li> <li>• Bespreek die faktore wat in 'n skuif van aggremaatverskaffing (AV) kan opeindig.</li> </ul> |
| 2. Beskerming en vryhandel                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die beleid van uitvoerbevordering en invoervervanging.</li> <li>• bespreek die redes vir die volg van 'n beleid van beskerming.</li> <li>• evalueer die invloed van vryhandelsooreenkomste op internasionale handel.</li> <li>• evalueer die effek van Suid-Afrika se handelsbeleide op in- en uitvoer.</li> </ul>  |
| 3. Ekonomiese- en sosiale-prestasieaanwysers.           | <ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer die prestasie van die Suid-Afrika ekonomie teen sekere ekonomiese aanwysers.</li> <li>• evalueer die prestasie van die Suid-Afrika ekonomie teen sekere sosiale aanwysers..</li> <li>• internasionale vergelykings</li> </ul>  |
| <b>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE</b>                     |  |
| 1. Inflasie   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die konsep van inflasie en hoe dit bereken word.</li> <li>• bespreek die verskillend soorte inflasie en bespreek hoe die regering die gebruik van inflasie bereken.</li> <li>• bespreek die redes vir inflasie.</li> <li>• verduidelik die gevolge van inflasie.</li> <li>• evalueer beleide wat gebruik word om inflasie te bekamp.</li> <li>• evalueer die gebruik van inflasieteikens as internasionaal aanvaarde metode om inflasie te bestuur.</li> </ul>  |
| 2. Arbeidseconomie (nuut tot Gr 12 sillabus vanaf 2014) | <ul style="list-style-type: none"> <li>• analiseer hoe die markkragte van vraag en aanbod die vraag en aanbod na arbeid beïnvloed.</li> <li>• verduidelik hoekom die prys van arbeid verskil van sektor tot sektor, bv. landbou, industrieë of finansiële.</li> <li>• analiseer die effek van minimumlone.</li> <li>• bespreek die rol van vakbonde in die Suid-Afrikaanse ekonomie, bv. in loononderhandeling.</li> <li>• bespreek die probleme van die S.A.-arbeidsmark bv. stakings, arbeidswette, ens.</li> <li>• verduidelik die werking van die Phillipskurwe.</li> </ul>  |
| 3. Ander ekonomiese sake van die dag                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer ekonomiese sake en hoe dit die alledaagse lewe van mense en besighede beïnvloed.</li> <li>• evalueer ekonomiese aanwysers op 'n daaglikse basis.</li> <li>• bespreek die impak van internasionale ekonomiese gebeure op die Suid-Afrikaanse ekonomie.</li> </ul>   |



## GRAAD 11

| ONDERWERP                                   | OMVANG   |
|---|--|
| <b>MAKRO-EKONOMIE</b>                       |  |
| 1. Produksiefaktore                         | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die produksiefaktore en hulle vergoeding.</li> <li>• verduidelik hoe gemeenskappe deel kan wees van ekonomiese beplanning.</li> <li>• verduidelik hoekom mense gemarginaliseerd kan word in 'n ekonomie.</li> </ul>  |
| 2. Ekonomiese kringloop<br>Nasionale inkome | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die ekonomiese kringloopmodel.</li> <li>• onderskei tussen verskillende metodes om BBP te bereken.</li> <li>• bereken BBP.</li> <li>• onderskei tussen nominale en reële syfers en bereken ekonomiese groei.</li> </ul>  |
| 3. Ekonomiese stelsels                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• vergelyk die verskillende ekonomiese stelsels en beoordeel die sukses van elkeen.</li> <li>• beoordeel die sukses van die Suid-Afrikaanse ekonomie om sosio-ekonomiese dienste te lewer.</li> </ul>   |
| 4. Ekonomiese struktuur van Suid-Afrika     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• vergelyk die sektore van die ekonomie en die bydrae van elkeen tot Suid-Afrika se BBP.</li> <li>• bespreek die huidige infrastruktuur in S.A. en maak voorstelle om die ekonomiese struktuur te verbeter.</li> </ul>  |
| <b>MIKRO-EKONOMIE</b>                       |  |
| 1. Wins, produksie, koste en opbrengs       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die verskillende koste en wins konsepte.</li> <li>• verduidelik en illustreer verskillende opbrengskurwes.</li> <li>• onderskei tussen kort- en langtermyn in produksie.</li> </ul>   |
| 2. Volmaakte en onvolmaakte markte          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die eienskappe van volmaakte en onvolmaakte markte.</li> <li>• vergelyk die eienskappe van monopolieë, oligopolieë en monopolistiese mededinging.</li> </ul>   |
| <b>EKONOMIESE STREWES</b>                   |  |
| 1. Welvaartskepping en verdeling van rykdom | <ul style="list-style-type: none"> <li>• assesser die verdeling van inkome en welvaart in 'n land en hoe dit verbeter kan word.</li> <li>• meet ekonomiese groei en verduidelik metodes om groei in Suid-Afrika te verbeter.</li> <li>• bestudeer lewenstandaarde en dui aan hoe dit verbeter kan word.</li> </ul>   |
| 2. Ontwikkelende lande                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die interaksie tussen die konsepte van ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling.</li> <li>• analiseer die eienskappe van ontwikkelende lande.</li> <li>• bespreek die ontwikkelingsverskille tussen die Noordelike- en Suidelike-halfronddes.</li> <li>• stel ontwikkelingstrategieë voor vir Suid-Afrika en vergelyk dit met vorige strategieë wat gebruik is.</li> <li>• verduidelik hoe die regering inheemse kennis stelsels probeer behou.</li> </ul> |

|  |   |
|--|---|
| 3. Geld en bankwese                              | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die rol van geld en die monetêre stelsel in die ekonomie.</li> <li>• bespreek die rol van banke in die ekonomie.</li> <li>• bespreek die redes vir en gevolge van bankmislukkinge.</li> <li>• verduidelik die rol van die sentrale bank in die ekonomie.</li> <li>• bespreek die vraag en aanbod na geld en faktore wat dit beïnvloed.</li> <li>• bespreek die instrumente van monetêre beleid.</li> </ul> |
| 4. Suid-Afrika se rol en belangrikheid in Afrika | <ul style="list-style-type: none"> <li>• vergelyk Suid-Afrika se ekonomie met die res van Afrika en verduidelik hoe Suid-Afrika die lande van hulp kan wees.</li> <li>• bespreek ekonomiese samewerking in Afrika en verduidelik nuwe ontwikkelinge.</li> </ul>   |
| <b>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE</b>              |   |
| 1. Armoede                                       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• analiseer die wêreldwye probleem van armoede en maak voorstelle om dit op te los.</li> <li>• analiseer armoede en ontleed die eienskappe, oorsake en gevolge daarvan.</li> <li>• assessee programme wat die Suid-Afrikaanse regering ingestel het om armoede te verlig.</li> </ul>   |
| 2. Globalisering                                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die konsep van globalisering.</li> <li>• analiseer die redes hoekom globalisering so belangrik geword het.</li> <li>• beoordeel hoe globalisering Suid-Afrika beïnvloed.</li> <li>• Noord/Suid verdeling</li> </ul>  |
| 3. Toerisme                                      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die beduidende groei in internasionale en plaaslike toerisme.</li> <li>• bespreek die ekonomiese belangrikheid van toerisme vir Suid-Afrika.</li> <li>• evalueer hoe toerisme kan bydra tot ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika.</li> <li>• bespreek beleide om toerisme te bevorder.</li> </ul>   |
| 4. Volhoubare ontwikkeling                       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik hoekom volhoubare ontwikkeling so 'n belangrike ekonomiese kwessie geword het.</li> <li>• bespreek praktiese maatreëls om volhoubare ontwikkeling te bevorder.</li> <li>• evalueer die verskillende berade wat gehou is en die invloed daarvan op volhoubare ontwikkeling.</li> </ul>  |
| 5. Ander ekonomiese sake van die dag             | <ul style="list-style-type: none"> <li>• evalueer ekonomiese aanwysers op 'n daaglikse basis, gebruik grafieke om tendense en verandering te identifiseer.</li> <li>• rapporteer ekonomiese nuus op 'n gereelde basis.</li> </ul>   |

## GRAAD 10

| ONDERWERP                                      | OMVANG  |
|--|---|
| <b>MAKRO-EKONOMIE</b>                          |   |
| 1. Basiese ekonomiese konsepte                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• omskryf die definisie van ekonomie en bespreek die belangrike aspekte daarvan.</li> <li>• bespreek kortliks die verskillende takke van ekonomie.</li> <li>• onderskei tussen die makro- en mikro-ekonomiese benaderings tot ekonomie.</li> <li>• analiseer die metodes van ekonomie en vergelyk dit met ander wetenskappe, soos fisiese wetenskap.</li> <li>• bespreek die verwantskap tussen ekonomie en ander wetenskappe.</li> <li>• Noem moontlike beroepsgeleenthede in die ekonomiese veld.</li> </ul>   |
| 2. Die ekonomiese probleem.                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bespreek die skaarsheidsprobleem en hoe dit mense se daaglikse lewe beïnvloed. Leerders moet ook voorstelle maak oor hoe individue die skaarsheidsprobleem probeer oplos, asook hoe regerings die probleem probeer bestuur.</li> <li>• bespreek die proses van produksie, ruil en verbruik, asook die verhoudinge tussen hierdie aspekte .</li> <li>• vergelyk die veranderinge in produksie met die druk wat dit veroorsaak op menseregte. Beoordeel die impak van verandering op arbeidsverhoudinge.</li> <li>• oortuig ander dat 'n beleid van volhoubare ontwikkeling nodig is vir Suid-Afrika en die wêreld.</li> </ul> |
| 3. Ekonomiese kringloop en Nasionale rekeninge | <ul style="list-style-type: none"> <li>• stel die werking van die ekonomie voor deur die ekonomiese kringloopmodel te gebruik.</li> <li>• bespreek die rol van die verskillende deelnemers in die kringloopmodel.</li> <li>• verduidelik die impak van lekkasies en insputings op die ekonomiese kringloop.</li> <li>• nasionale rekeninge totale</li> </ul>  |
| 4. Sakesiklus                                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• illustreer die sakesiklus.</li> <li>• vergelyk die verskillende fases van die sakesiklus.</li> <li>• bespreek redes vir sakesiklusse.</li> <li>• analiseer die impak van 'n sakesiklus deur die verskillende aanwysers te interpreteer.</li> <li>• formuleer 'n strategie om die impak van sakesiklusse op ekonomiese kwesbare mense te verminder.</li> </ul>  |
| <b>MIKRO-EKONOMIE</b>                          |   |
| 1. Dinamika van markte                         | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die konsepte van waarde, prys en nut en die verhoudinge tussen die konsepte.</li> <li>• verduidelik die verskil tussen volmaakte en onvolmaakte markte deur o.a. 'n spesifieke industrie of onderneming te vergelyk met die eienskappe van 'n volmaakte mark .</li> <li>• demonstreer die wette van vraag en aanbod deur grafieke gebruik te maak.</li> <li>• analiseer vraag en aanbod in prysvorming deur grafieke vir verskillende scenario's te skep .</li> </ul>  |
| 2. Produksiemoontlikheidskurwes                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• analiseer skaarsheid deur produksiemoontlikheidskurwes te gebruik.</li> <li>• maak voorstelle oor hoe produksie verbeter kan word in 'n ekonomie.</li> </ul>   |
| 3. Openbare sektor                             | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek hoe die regering inmeng in markte.</li> </ul>   |

|   |   |
|---|---|
|   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bestudeer hoe aksynsbelasting, subsidies en welsyn markte beïnvloed .</li> <li>• interpreteer die invloed van minimum- en maksimumpryse en lone op markte deur grafieke te gebruik.</li> </ul>   |
| <b>EKONOMIESE STREWES</b>                                   |   |
| 1. Beginsels van belegging en persoonlike welvaartskepping. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduidelik die impak van die tydwaarde van geld of inflasie.</li> <li>• verduidelik die verhouding tussen risiko en opbrengs.</li> <li>• bespreek die redes vir spaar.</li> <li>• ondersoek die verskillende beleggingsopsies beskikbaar .</li> <li>• bespreek die rol van die JSE in die ekonomie.</li> <li>• onderskei tussen kapitaal- en geldmark.</li> <li>• onderskei tussen primêre en sekondêre finansiële markte.</li> </ul> |
| 2. Die rol van geld en bankwese in die ekonomie.            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• bespreek die funksies van die geld.</li> <li>• onderskei tussen die verskillende soorte geld wat gemeet word.</li> <li>• bespreek die doel en rol van die Reserwebank in die ekonomie.</li> <li>• verduidelik die rol van banke in die skeep van geld</li> </ul>   |
| 3. Suid-Afrikaanse bevolking en arbeidsmag                  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• analiseer die Suid-Afrikaanse bevolking en die implikasies vir die arbeidsmag in die toekoms.</li> <li>• analiseer die arbeidsmag en die implikasies vir werkskepping in die toekoms.</li> <li>• assesseer die impak van MIV/Vigs op die arbeidsmag en die ekonomie.</li> </ul>  |
| <b>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE</b>                         |   |
| 1. Werkloosheid   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• analiseer die probleem van werkloosheid in Suid-Afrika .</li> <li>• verskaf voorstelle vir die oplossing van die werkloosheidsprobleem en verwys ook na huidige pogings deur die regering.</li> </ul>  |
